DIE KONSERTINAKLUB VAN S.A.

Posbus 843
PRETORIA
0001

1983.10.11

NUUSBRIEF NR. 4

Geagte Lede

Dit is seker tyd om iets vanaf ons te laat hoor. Nadat ons by die Jaarvergadering was, het ons wel aandag gegee aan sekere sake. Een komitee vergadering is gehou en die Vierde Langspeelplaat verskyn eersdaags.

1. PLATE:

Met dank aan veral Danie Labuschagne en Oom Michael vir die steeds volgehoue werk en gepaardgaande sukses wat bereik word met die oorsit van ons ou Tradisionele Boeremusiek op Langspeelplate. Na die Jaarvergadering het Volume I van Silver de Lange verskyn en Eenduisend plate is verkoop. Indien die navraag dit regverdig, sal nog plate gemaak word. Nou kom ons by die bekendstelling van ons Vierde Langspeler, naamlik Volume I van die Vyf Vastrappers met konsertinaspeler Hans Bodenstein. Die dame, Carolina Leeson, wat lid was van hierdie heel eerste Boereorkes wat plate gemaak het, is vandag nog met ons in die rype ouderdom van 82 jaar. Ons probeer om steeds kontak met haar te hou en het ons dit goed gedink om na Volume I (SLS 3) van Silver de Lange eers een van die Vyf Vastrappers te maak sodat ons nog hulde kan bring aan Tant Carolina en hulle Orkes.

2. FUNKSIE:

Ons wil dan ook by wyse van 'n bring-en-braai Funksie probeer om Tant Carolina te vereer deur haar ook daar te hê en sommer 'n eksemplaar aan haar te skenk. Die Funksie sal plaasvind te Saamstaan Vakansie-oord op Saterdag 5 November 1983 om 4 uur (16h00) namiddag. Bring jou vleis, eetgoed, drinkgoed en eetgerei sodat ons lekker saam kan verkeer en kan luister na musiek. Spelers sal gereël word en 'n lekker dansie kan van pas wees. Onthou ons vier dan hierdie 3de en 4de plate. Ons probeer ook om die Televisie en die radio daar te hê. Kom en ondersteun hierdie grootse gebeurtenis. Roetekaart word aangeheg. Bring asseblief musiekinstrumente saam.

3. LEDEGELD:

Lede word weereens daaraan herinner dat ons ledegelde jaarliks betaalbaar is. Die jaar strek vanaf Januarie tot Desember. Ongelukkig is daar baie lede wat vir twee jaar nie betaal het nie. Die ledegeld is R10 per jaar. Stuur dit aan:

Die Sekretaris
Konsertinaklub van S.A.
Posbus 843
PRETORIA, 0001.

Ons sien julle by Saamstaan !!!

Groetend

T.F.H. SENEKAL
VOORSITTER.

PRETORIA — KERKSTRAAT-WES ROETE



± 50 KM vanaf Pretoria.

Gidsen onmiddellik: Skakel na 6NM

Tom Senekal - 012/708877

Jasper Vlok - 012/861475

Danie Labuschagne - 012/7729044

PLATE BESKIKBAAR				KOSTE	
				AFGEHAAL	GESTUUR
SLS 1	Die Vier Transvalers	-	Faan Harris	R10	R12
SLS 2	Die Vier Transvalers	-	Faan Harris	R10	R12
SLS 3	Die Vyf Dagbrekers	-	Silver de Lange	R10	R12
SLS 4	Die Vyf Vastrappers	-	Hans Bodenstein	R12	R14

KASSETTE BESKIKBAAR					
SLS 1	Die Vier Transvalers	-	Faan Harris	R 8	R10
SLS 2	Die Vier Transvalers	-	Faan Harris	R 8	R10
SLS 3	Die Vyf Dagbrekers	-	Silver de Lange	R 8	R10
SLS 4	Die Vyf Vastrappers	-	Hans Bodenstein	R10	R12

MAAK TJEKS OF POSORDERS UIT AAN: DIE KONSERTINA KLUB VAN S.A.